higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die rol van musiekbestuurders kan omvattend wees en kan pligte insluit soortgelyk aan dié van 'n reklame-agent, promotor, sakebestuurder, toerbestuurder en soms selfs 'n persoonlike assistent.

1.2 Die pligte van 'n aktiewe musiekbestuurder kan insluit die ondersteuning van die groep se ontwikkeling van 'n reputasie vir die musikant(e) en die opbou van 'n ondersteunersbasis, wat kan insluit die maak en vrystelling van 'n demonstrasie-CD, die ontwikkeling en vrystelling van perstoerusting, die beplanning van reklame-aktiwiteite, die skep van sosialenetwerk-identiteite vir die groep en die bespreking van vertonings.

1.3 'n Persoonlike bestuurder se kommissie mag slegs van die kunstenaar se netto inkomste afgetrek word.

1.4 'n Persoonlike bestuurder ontvang 'n kommissie op plate wat na die termyn opgeneem en vrygestel is.

1.5 'n Persoonlike bestuurder ontvang nie kommissie op liedjies wat gedurende die termyn opgeneem en vrygestel is nie.

1.6 'n Sakebestuurder behartig die kunstenaar se geldsake.

1.7 'n Sakebestuurder se kommissie word afgetrek van die kunstenaar se bruto inkomste.

1.8 Die funksie van 'n prokureur is slegs om die kunstenaar oor die reg te adviseer.

1.9 'n Prokureur word ook kommissie betaal wat van die kunstenaar se netto inkomste afgetrek word.

1.10 'n Agent word kommissie betaal op geld wat ontvang is, en nie op geld wat verdien is nie.

1.11 A&R staan vir Artists and Records.

1.12 Die reklame-afdeling van 'n groot rekordmaatskappy werk saam met agente om te verseker dat die kunstenaar vir lewende optredes bespreek word.

1.13 Die sake-afdeling/regsafdeling van 'n groot platemaatskappy onderhandel transaksies en neem besluite oor wat om te gee en wat om te hou.

1.14 Die internasionale afdeling van 'n platemaatskappy koördineer die vrystelling van die kunstenaar se platemaatskappy in buitelandse gebiede.

1.15 'n Ware onafhanklike platemaatskappy versprei sy plate deur onafhanklike verspreiders.

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Waardereklame ('Value billing')	A	voorskotbetaling van tantième
2.2	Albumsiklus	B	die kunstenaar word 'n kommissie gevra deur sowel die korporasie as die sleutelpersoon
2.3	'Return billing'	C	die persoonlike bestuurder se reg om namens die kunstenaar te handel
2.4	'Cross-collateralisation'	D	daar word van die kunstenaar verwag om opnames aan die platemaatskappy te lewer wat kommersieel en tegnies bevredigend is
2.5	Oorgangsklousule	E	'n stelsel waarvolgens 'n voorskot en koste van een besondere album van die inkomste van 'n ander album afgetrek word
2.6	Dubbelkommissies	F	'n tydperk vanaf die begin van die opneem van 'n album tot aan die einde van die toer en reklame-aktiwiteite wat daarmee verband hou
2.7	Sleutelpersoon	G	die proses waarvolgens tantième gehou word om tantième te verhaal
2.8	Volmag	H	'n klousule wat kleinhandelaars die reg gee om enige fisiese kopieë van plate wat nie verkoop is nie aan die platemaatskappy terug te besorg
2.9	Plaat ('Record')	I	die oorspronklike opname wat in die studio gemaak is
2.10	Reserwes	J	die maatskappy ontvang 'n gedeelte van al die kunstenaar se verdienste
2.11	Meester ('Master')	K	enige tipe lewering van musiek vir gebruik deur verbruikers, hetsy net in klank of met beeldmateriaal
2.12	Voorskot	L	die regspraktisyn/prokureur vra 'n fooi gegrond op die grootte van die transaksie en sy bydrae daartoe
2.13	Verhaling ('Recoupment')	M	'n kunstenaar se persoonlike bestuurder aangestel deur die korporasie
2.14	360 Regte	N	'n gedeelte van die tantième wat andersins aan die kunstenaar betaalbaar sou wees totdat die maatskappy weet of die verkope aan die kleinhandelaar finaal is
2.15	Leweringsvereistes ('Delivery requirements')	O	'n kontrakklousule wat definieer hoe die persoonlike bestuurder vergoed sal word na beeïndiging van die bestuurstermyn

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(-e) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

metode; produk; tantième; koppeling ('coupling'); plaat; fisies; samestellings; CD's

3.1 'n Regisseur ('producer') is verantwoordelik vir die verandering van die kreatiewe ... tot 'n tasbare vorm.

3.2 Opnamekoste word nie teen die regisseur se ... gehef nie.

3.3 Die ... is verantwoordelik vir die betaling van die regisseur se tantième.

3.4 Die praktyk waarvolgens al jou opnames ('performances') saam met dié van ander kunstenaars gevoeg word, staan bekend as ...

3.5 'n Gesamentlike ... is waar meer as een tantiemekunstenaar ('royalty artist') saam dieselfde lied uitvoer.

3.6 Die platemaatskappy word tantieme betaal elke keer wat 'n ... oor die radio gespeel word.

3.7 ... plate word deur middel van vier belangrike metodes versprei.

3.8 Albums met 'n aantal verskillende kunstenaars word ... genoem. .

3.9 Boksstelle ('Box sets') is 'n versameling van drie, vier of selfs meer ... wat in 'n enkelpakket verkoop word.

3.10 Elektroniese oorsending is 'n ... om plate digitaal te lewer.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Die (platemaatskappy/kunstenaar) moet die persoonlike bestuurder aanstel.

4.2 'n (Persoonlike bestuurder/Sakebestuurder) vorm en bestuur die loopbaan van die kunstenaar.

4.3 Die kunstenaar moet deur die (platemaatskappy/persoonlike bestuurder) vir lewende musiekvertonings bespreek word.

4.4 Daar word van die (platemaatskappy/persoonlike bestuurder) verwag om die kunstenaar se plate te bemark.

Kopiereg voorbehou

4.5 Die (persoonlike bestuurder/produsent ('producer') vervaardig die plate.

4.6 Die (komponis/platemaatskappy) besit die outeursreg in die plaat.

4.7 Die (kunstenaat/komponis) besit die outeursreg in die musiek.

4.8 'n Voorskot moet slegs verhaal kan word van (platetantième/uitvoeringsgelde).

4.9 Meer as een persoonlike bestuurder in 'n land (kan/kan nie) 'n kunstenaar bestuur (nie).

4.10 Die sakebestuurder/prokureur) moet aktief betrokke wees by die strukturering van die kunstenaar se transaksies.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Wat is die verskil tussen 'n *fisiese plaat* en 'n *digitale plaat*?

5.2 Wat is die verskil tussen 'n *lied* en 'n *plaat*?

5.3 Wat is die verskil tussen tussen 'n *komponis* en 'n '*producer*'?

5.4 Wat is die verskil tussen 'n *ware onafhanklike platemaatskappy* en 'n *'major-affiliated' onafhanklike maatskappy?*

5.5 Wat is die verskil tussen *aflading/aflaai* en '*streaming'*?

5.6 Wat is die verskil tussen '*webcasting'* en *'podcasting"*?

5.7 Wat is die verskil tussen *meganiese tantième ('mechanical royalties')* en *vertoningstantième ('performance royalties')*?

5.8 Wat is die verskil tussen 'n *agent* en 'n *persoonlike bestuurder?*

5.9 Wat is die verskil tussen 'n *platepromotor* en 'n *musiekpromotor*?

5.10 Wat is die verskil tussen tussen 'n *voorskot* en 'n *fonds*?

(10 × 4) **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem VYF verantwoordelikhede van 'n persoonlike bestuurder.

6.2 Noem VYF afdelings van 'n groot platemaatskappy.

6.3 Identifiseer VYF maniere waarop digitale musiek elektronies versprei word.

6.4 Noem VYF belangrike punte wat bespreek moet word wanneer 'n bestuurstransaksie gestruktureer word.

6.5 Noem VYF belangrike punte wat bespreek moet word wanneer 'n platetransaksie gestruktureer word.

6.6 Identifiseer VYF mense wat deel van die kunstenaar se kreatiewe span uitmaak.

(6 × 10) **[60]**

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 7

Bespreek die volgende:

7.1 Die rol van die persoonlike bestuurder

7.2 Die rol van die platemaatskappy

7.3 Die rol van die prokureur

7.4 Die rol van die agent

7.5 Die rol van die sakebestuurder

7.6 Die persoonlike bestuurder se kommissie

7.7 Platetransaksie-eksklusiwiteit

7.8 'Sideman'-uitvoerings

7.9 Volmag

7.10 Produsent se tantième

(10 × 10) **[100]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou